

# Afrikaans as Standaard Gemiddelde Europees: Wanneer 'n lid uit sy taalarea beweeg

## Outeurs

### **Dr. Daniël van Olmen**

Department of Linguistics and English Language  
Lancaster University

E-posadres: d.vanolmen@lancaster.ac.uk

Tel: +441524593029

Fisiese adres: County South, Kamer C68  
Bailrigg  
Lancaster  
United Kingdom  
LA1 4YL

### **Dr. Adri Breed (*korresponderende outeur*)**

Afrikaans en Nederlands  
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit

E-posadres: [adri.breed@nwu.ac.za](mailto:adri.breed@nwu.ac.za)

Tel: 018 299 1563

Fisiese adres: Skool vir Tale  
Frans du Toit Gebou E9, Kamer 109  
Hoffmanstraat 11  
Potchefstroom  
2520

# **Afrikaans as Standaard Gemiddelde Europees: Wanneer 'n lid uit sy taalarea beweeg**

## **Abstract**

### **Afrikaans as Standard Average European: When a language member leaves the Sprachbund**

Since the 1990s, the idea of a Standard Average European Sprachbund has gained ground. It refers to a group of languages spoken in Europe which share various linguistic properties due to contact and of which Gallo-Romance and continental West Germanic are considered the nuclear members. A recent trend in the study of this linguistic area is the extraterritorial perspective of examining the extent to which non-European languages have converged with the Sprachbund as a result of contact with one or more of its members. The present article complements this line of research in that it investigates the degree to which a European language has diverged from Standard Average European after leaving the linguistic area.

The focus here is on Dutch and Afrikaans: the former is at the center of the Sprachbund, the latter can be regarded as its “colonial offshoot”. The two languages are compared with respect to twelve of the most distinctive and well-established features of Standard Average European – illustrated with English here, when possible in a straightforward way: 1. the presence of both definite and indefinite articles; 2. perfects formed by means of ‘have’; 3. passives formed by means of participles; 4. anticausative prominence; 5. a preference for nominative experiencers; 6. the existence of external possessors; 7. negative pronouns without verbal negation; 8. the use of particles in comparative constructions; 9. relative-based equative constructions; 10. relative clauses with relative pronouns; 11. strict subject-verb agreement and obligatory subject pronouns; 12. different forms for intensifiers and reflexive pronouns.

Afrikaans is found to have ten of the aforementioned properties in common with Dutch. The formal differentiation of intensifiers and reflexive pronouns can serve as an example: *self* in *die pous self het ons 'n audiënsie gegee* 'the pope himself granted us an audience' versus *homself* in *my man bekyk homself in die spieël* 'my husband looks at himself in the mirror' in Afrikaans and *zelf* in *de pous zelf heeft ons een audiëntie verleend* and *zich(zelf)* in *mijn man bekijkt zich(zelf) in de spiegel* in Dutch. Another case in point is the preference for nominative experiencers. A study of ten experiential predicates makes clear that Afrikaans, like Dutch, tends to express experiencers as "agent-like" subjects – as in *ek vergeet my werk* and *ik vergeet mijn werk* 'I forget my work' – rather than as "patient-like" objects – as in *die nuus verheug my* and *het nieuws verheugt mij* 'I am glad about the news'. The first exception concerns the compulsory use of the second verbal negation marker *nie* in Afrikaans: *niemand kom nie* 'nobody comes' in contrast with *niemand komt* in Dutch, which does not have double negation at any rate. The second exception has to do with external possessors. As *ik skud hem de hand* 'I am shaking his hand' (literally: 'I shake him the hand') shows, they are possible in Dutch, although their use is much less widespread than, for instance, in German. Afrikaans, like English, is found to have no true cases of external possessors. The unacceptability of *\*ek skud hom die hand* is indicative.

Afrikaans can thus still be regarded as a core member of the Sprachbund. Importantly, it is pointed out that the linguistic convergence especially among the nuclear members of the area is generally attributed to contact in the Early Middle Ages and that seventeenth-century Dutch exhibited the twelve Standard Average European features under discussion. The relatively low degree of divergence between Afrikaans and Dutch is argued to be due to the continuity from Settler Dutch to at least the variety of Afrikaans on which the standard language is based as well as to the prominent role that Dutch continued to play in the history of Afrikaans. It remains to be seen, however, whether other varieties such as Orange River and Cape Afrikaans, which have probably been influenced less/more by Dutch/other languages, exhibit the same or a higher level of divergence and whether Afrikaans is so

Standard Average European with respect to other linguistic properties. The prohibitive is given as an example at the end of the article. It is made up of the imperative and the standard negation in Dutch and Standard Average European but is formed by means of *moenie* (literally 'must.not') in Afrikaans, arguably as the result of contact with Creole Portuguese.

## **Opsomming**

'n Onlangse tendens in die studie van Standaard Gemiddelde Europees (*Standard Average European*), is die sogenaamde "ekstra-territoriale perspektief". Hiermee word gepoog om te bepaal tot watter mate tale van die Sprachbund en nie-Europese tale vanweë taalkontak op mekaar begin afstem. Die huidige artikel val binne die kader van hierdie navorsingsfokus, deurdat dit ondersoek instel na die mate waarin 'n Europese taal begin afwyk het van Standaard Gemiddelde Europees nadat dit geografies uit die taalarea verwyder is. Die fokus is op Nederlands – 'n nukleuslid van die Sprachbund – en Afrikaans – die koloniale T2-taal. Die twee tale is vergelyk op basis van twaalf van die mees kenmerke eienskappe van Standaard Gemiddelde Europees. Daar is gevind dat Afrikaans tien van die twaalf kenmerke met Nederlands deel, insluitend antikousatiewe prominensie en die formele onderskeid tussen intensiveerders en refleksiewe. Ten spyte van die verskil in die wyse waarop Afrikaans en Nederlands negatiewe voornaamwoorde of eksterne besitters gebruik, kan Afrikaans, vanweë die mate van ooreenstemming met SGE, steeds nog as 'n kernlid van die taalarea gereken word. 'n Moontlike rede vir die feit dat Afrikaans nog so baie van die taalarea se kenmerke het, kan waarskynlik toegeskryf word aan die variëteit wat die basis van die standaardtaal in die vroeë ontwikkelingsjare van Afrikaans gevorm het, te wete Oosgrensafrikaans.

# Afrikaans as Standaard Gemiddelde Europees: Wanneer 'n lid uit sy taalarea beweeg

## 1. Inleiding

'n Taalarea (ook bekend as 'n *Sprachbund*) kan beskryf word as 'n area van samelopende linguistiese ontwikkeling of konvergensie. Dit is 'n groep tale wat, as gevolg van geografiese nabyliggenheid en taalkontak, op bepaalde wyses ooreenstem. Hierdie tale hoef nie noodwendig genealogies verwant te wees nie. Ooreenkomste tussen onverwante tale is inderwaarheid een van die primêre aanduidings van taalkontakinloed. Areale kenmerke is derhalwe die algemene kenmerke van die tale binne hierdie taalarea (vergelyk Thomason 2000, p. 1). Bekende taalareas word in die Balkan-lande (Alexander 2000), Indië (Emeneau 1956), Suidoos-Asië (Enfield 2005), Noord-Asië (Schönig 2003) en Suider-Afrika (Maddieson 2003) gevind. 'n Taalarea is ook in Europa geïdentifiseer. Die term, '*Standard Average European*', wat in 1939 deur Benjamin Lee Whorf gebruik is om Europese tale met die inheemse Amerikaanse tale te vergelyk, is later deur taalkundiges oorgeneem as benaming van hierdie taalarea<sup>1</sup> (vergelyk Haspelmath 1998, p. 271).

Die verwagting is dat 'n taal wat sentraal binne 'n taalarea geleë is, die meeste van hierdie ooreenstemmende taalkenmerke sal toon. 'n Taal wat op die periferie van die taalarea geleë is, behoort minder van die kenmerke te toon. Met ander woorde: 'n Taal wat geografies ver van die taalarea geleë is, behoort min ooreenstemming te toon met die tale wat binne die taalarea gevind word. Haspelmath (2001, pp. 1491-1501) toets hierdie hipotese deur die tale van Europa aan die hand van 'n wye reeks kenmerke met mekaar te vergelyk. Hieruit is dit

---

<sup>1</sup> Daar sal voorts na hierdie term as SGE, oftewel Standaard Gemiddelde Europees, verwys word.

duidelik dat tale soos Duits en Frans kerntale van SGE is en dat tale soos Engels en Spaans in 'n mindere mate ook nog naby aan die kern van die taalarea is. Tale soos Lets en Tsjeggies vertoon minder kenmerke en is derhalwe meer periferaal. Tale soos Wallies en Turks het min gemeen met Duits en Frans en word nie as lid van SGE beskou nie. Dit is belangrik vir hierdie artikel om te beklemtoon dat Nederlands 'n SGE-kerntaal is en sentraal binne die SGE-taalarea geleë is.

Een van die meer onlangse tendense wat Van der Auwera (2011, p. 299) in die navorsing oor SGE bespeur, is wat hy die “ekstra-territoriale perspektief” noem. As gevolg van kolonialisering het die tale van Europa regoor die wêreld versprei en 'n groot hoeveelheid inheemse tale tot 'n meerdere of mindere mate beïnvloed. Van der Auwera (2011, p. 304) gee die voorbeeld van Pipil, 'n taal wat in El Salvador gepraat word, wat ten minste agt SGE-kenmerke by Spaans oorgeneem het. Hy vra homself af hoe hierdie perspektief by die studies oor SGE inskakel.

If one is ready to say that Basque is a peripheral SAE language, then there is at least no linguistic reason to disqualify Pipil. [...] Of course, the locus of contact inference is not Europe and the (post)colonial social dynamics are different. Basically, the study of the SAE features of Pipil no longer concerns the areal typology of Europe, but it still concerns the areal typology of European languages.

Daar is egter 'n bykomende perspektief tot hierdie sogenaamde ekstra-territoriale perspektief. Wat gebeur met 'n *Sprachbund*-taal wanneer dit geografies uit die taalarea verwyder word? Indien 'n taal wat lid van 'n taalarea is en die kenmerke van die taalarea het, na 'n geografiese gebied wat nie deel van die taalarea uitmaak nie, verskuif word, sal die taal van hierdie kenmerke van die taalarea begin verloor? Sal so 'n taal nog as lid van die taalarea beskou kan word, selfs as dit geografies nie meer naby aan die taalarea geleë nie?

Hoewel die geografiese verwydering van 'n taal uit 'n taalarea miskien soos 'n vreemde konsep mag voorkom, is daar nietemin verskeie voorbeelde hiervan in die tale van die wêreld te vinde. Heelwat kreoolse tale, sowel as interkontinentale variëteite (byvoorbeeld

Amerikaanse Engels), is voorbeelde van tale wat om bepaalde redes geografies van hul oorsprongtaal verwyder is. 'n T1-taal<sup>2</sup> (byvoorbeeld Frans) kan selfs as kernlid van 'n taalarea (byvoorbeeld SGE) gereken word, terwyl die T2-taal (byvoorbeeld Louisiana Kreool) geografies nie naby die taalarea van die T1-taal geleë is nie. Nietemin kan daar nog sterk ooreenstemming wees tussen die T1- en T2-taal, en dus waarskynlik ook nog tussen die T2 en sommige ander tale wat in die taalarea voorkom.

In hierdie artikel word daar op eksemplariese wyse ondersoek ingestel na die verband wat daar tussen 'n geografies-verwyderde T2-taal en die betrokke taalarea is deur Afrikaans (as geografies-verwyderde T2) en Nederlands (as 'n kerntaal van SGE) met mekaar te vergelyk aan die hand van die twaalf belangrikste kenmerke van die SGE-taalarea. In hierdie artikel sal aangetoon word watter van hierdie eienskappe in Nederlands voorkom, en daar sal vasgestel word of Afrikaans begin afstand doen het van die betrokke kenmerke. Deur Afrikaans en Nederlands op hierdie wyse te vergelyk, kan bepaal word of Afrikaans as 'n lid van die SGE-taalarea gereken kan word, al dan nie.

## **2. Standaard Gemiddelde Europees (SGE)**

Soos genoem, identifiseer Haspelmath (1998, p. 272) 'n nukleus, 'n kern en 'n periferie vir die SGE-taalarea. Die nukleus van hierdie taalarea bestaan uit Duits, Frans, Nederlands en die dialekte van Noordelike Italië. Die kern bestaan uit die ander Germaanse en Romaanse, sowel

---

<sup>2</sup> Wanneer tale met mekaar in kontak kom, word een van die tale meer beïnvloed as die ander. T1 verwys na die taal wat die minste beïnvloed word en wat 'n sterker invloed het op die ander taal. Die taal wat die meeste beïnvloed word, word T2 genoem. T1 is dus die *doelwit-* of *teikentaal* van die T2-spreker (vergelyk Du Plessis 1987, p. 25).

as die Balkan-tale en Wes- en Suid-Slawies. Die periferie bestaan uit Balties, Oos-Slawies, Balto-Fins en Hongaars, sowel as moontlik Baske, Maltees, Armeens en Georgies. Verskeie taalkundige fenomene word deur 'n aantal navorsers bespreek as tipiese verskynsels van die SGE-taalarea, maar al hierdie ondersoekers is dit eens dat die twaalf eienskappe van Haspelmath (2001) as tiperende eienskappe van hierdie *Sprachbund* gesien kan word.

Dit is waarskynlik nodig om hier te beklemtoon dat 'n eienskap nie as 'n SGE-eienskap gereken word slégs omdat dit in (meeste van) die sentrale tale voorkom en afwesig is in tale soos Kelties en Turks nie. Daar behoort aan drie bykomende vereistes voldoen te word: Eerstens behoort die moontlikheid dat die kenmerk vanweë genealogiese verwantskap teenwoordig is, uitgeskakel te word. Haspelmath (2001, p. 1493) stel daarom voor dat die oostelike Indo-Europese tale nie hierdie kenmerk sal hê nie. Die meeste SGE-tale, hoewel nie almal nie, is immers Indo-Europees. Tweedens moet seker gemaak word dat die kenmerk nie as gevolg van onafhanklike evolusies in die tale beland het nie. Derhalwe argumenteer Haspelmath (2001, p. 1493) dat die kenmerk in die meerderheid van die wêreld se tale afwesig moet wees. Hoe meer 'eksoties' die kenmerk is, hoe kleiner is die waarskynlikheid dat dit vanweë onafhanklike ontwikkeling in die taal beland het. Derdens moet die tale geografies nabygeleë wees. Dít sou kon bevestig dat die kenmerk vanweë taalkontak in die taal beland het.


Al twaalf die onderstaande kenmerke voldoen aan hierdie drie vereistes. Die kenmerke is naamlik dat SGE tale:

- beide bepaalde én onbepaalde lidwoorde het;
- gebruik maak van 'n perfektum wat gevorm word deur die werkwoord 'hê' plus 'n passiefdeelwoord;
- se passief gevorm word deur 'n deelwoord en 'n onoorganklike 'kopula-agtige' werkwoord (byvoorbeeld 'wees' en 'word');
- antikousatiewe prominensie het (sien afdeling 3.2.4);



- gebruik maak van veralgemening (oftewel nominatiewe ervaarders) om werkwoorde van sensasie, emosie, kognisie en persepsie uit te druk;
- gebruik maak van eksterne besitters om die verhouding tussen 'n besitter en 'n possessum (lett. 'die besete'; dít wat besit word) uit te druk;
- nie die werkwoordvorm negeer wanneer 'n negatiewe onbepaalde voornaamwoord gebruik word nie;
- 'n partikel ('groter as X') in vergelykingskonstruksies gebruik;
- se konstruksies van gelykheid gebaseer is op 'n adverbiale betreklike bysinkonstruksie;
- se betreklike bysin gekarakteriseer word deur: i) 'n post-nominale relatiewe bysin; ii) 'n geïnflekteerde betreklike voornaamwoord; iii) die betreklike voornaamwoord wat die betreklike bysin inlei; en iv) die betreklike voornaamwoord wat funksioneer as 'n 'hervattende konstruksie' (resumptive). Dit dui ook die hoof se rol in die betreklike bysin aan en in meeste SGE-tale is die betreklike voornaamwoord op 'n vraende voornaamwoord gebaseer;
- se grammatikaal-ooreenstemmende subjekpersoon nie weggelaat kan word nie; en
- verskillende voornaamwoorde gebruik om as intensiveerders en refleksiewe voornaamwoorde te dien.

Figuur 1<sup>3</sup> is 'n opsomming van die areale verspreiding van tien<sup>4</sup> van die twaalf gekose SGE-kenmerke wat in hierdie artikel betrek word. Op hierdie kaart word dus aangedui hoeveel van hierdie SGE-kenmerke in elke taal voorkom, en dit illustreer duidelik die reeds genoemde geleidelike, oftewel graduele verskille tussen nukleus, kern en periferie.



**Figuur 1:** Die nukleus, kern en periferie van die SGE-taalarea (Haspelmath 2001, p. 1494)

<sup>3</sup> Afkortings vir die verskillende tale word aan die einde van die artikel aangebied. Aangesien nie alle tale in hierdie artikel genoem of bespreek word nie, word Haspelmath (2001) se Engelse afkortings gebruik.

<sup>4</sup> Slegs tien kenmerke word op die kaart aangedui, aangesien dieselfde tale vir hierdie spesifieke tien kenmerke ondersoek is. Vir die oorblywende twee kenmerke, d.i. i) antikousatiewe prominensie; en ii) partikelvergelykings is slegs enkele tale in die SGE-taalarea getoets en derhalwe word hierdie twee kenmerke nie op die taalkaart aangedui nie.

### **3. Nederlands en Afrikaans as SGE-tale**

#### **3.1. *Afrikaans en Nederlands as nabyverwante tale***

In die literatuur oor Afrikaanse diachronie bestaan daar al vir verskeie dekades 'n debat oor die kreoolse aard van Afrikaans (vergelyk onder meer Coetzee 2009; Den Besten 1987; Du Plessis 1994; Kotze 1994; Markey 1982; Raidt 1972; Roberge 2009; Van Rensburg 1995). Waar sommige taalkundiges (byvoorbeeld Hans den Besten) voel dat Afrikaans as 'n *kreool* van Nederlands gesien moet word, is daar weer ander taalkundiges (byvoorbeeld Peter Trudgill 1983) wat aanvoer dat Afrikaans eerder as 'n *kreolied* gesien moet word, aangesien Afrikaans kreoolse kenmerke vertoon maar nooit 'n pidgin was nie (Du Plessis 1987, p. 29). In hierdie artikel word daar nie standpunt oor die status van Afrikaans as 'n kreool ingeneem nie. Gebaseer op die historiese feite rakende die ontwikkeling van Afrikaans (vergelyk onder meer De Ruyter & Kotze 2002; Olivier & Coetzee 1994; Raidt 1994), asook die noue linguistiese verwantskap wat daar tussen Nederlands en Afrikaans bestaan (vergelyk Carstens 1989, p. 144; Raidt 1972, p. 177), word daar wél in hierdie artikel aanvaar dat Afrikaans 'n T2-taal van 17de-eeuse Nederlands is en dat Hedendaagse Nederlands en Standaardafrikaans daarom as sustertale gesien kan word (vergelyk ook Botha *et al.* 1989, p. 51; Dekker 1973, p. 6).

Om hierdie rede is dit sinvol om juis hiérdie twee tale met mekaar te vergelyk om die gestelde navorsingsvrae te ondersoek, naamlik 1) of 'n T2-taal wat geografies uit 'n Sprachbund verwyder word, bepaalde kenmerke van hierdie taalarea gaan verloor? en 2) of die T2-taal wat nie meer in die geografiese nabyliggendheid van die Sprachbund voorkom nie, nog as deel van die Sprachbund gereken kan word?

#### **3.2. *SGE-kenmerke in Nederlands en Afrikaans***

In hierdie gedeelte gaan Nederlands en Afrikaans met mekaar vergelyk word aan die hand van die twaalf genoemde SGE-kenmerke. Daar is reeds aangedui dat Nederlands as 'n kern-SGE-taal beskou word, en ook dat Afrikaans en Nederlands as nabyverwante tale gereken kan

word. Deur derhalwe 'n vergelyking van hierdie twee tale te maak, aan die hand van SGE-kenmerke, kan aangetoon word in watter mate Afrikaans nog met die tale van die SGE-taalarea ooreenstem, en dus of Afrikaans as lid van hierdie *Sprachbund* gereken kan word, ten spyte van die geografiese verwydering van hierdie taal uit die taalarea. Aangesien die twaalf sentrale SGE-kenmerke omvattend in Haspelmath (1998; 2001)<sup>5</sup> bespreek word, word dit slegs kortliks in hierdie artikel genoem en nie verder verduidelik nie.

### 3.2.1. Bepaalde en onbepaalde lidwoord

#### 3.2.1.1. Nederlands

In Nederlands word twee bepaalde lidwoorde, naamlik *het* en *de*, en een onbepaalde lidwoord, naamlik *een*, gevind. *Het* word gebruik vir onsydige enkelvoudige naamwoorde, byvoorbeeld *huis* in (1), *de* word in alle ander gevalle gebruik, byvoorbeeld (2) and (3). Die gebruik van *een* word in voorbeeldsin (4) and (5) aangetoon.

- (1) NED *Het huis dat je daar ziet is van mijn broer.* (e-ANS, 4.2.)<sup>6</sup>
- (2) NED *De man van Heleen komt ons ophalen.* (e-ANS, 4.2.)
- (3) NED *De huizen die je daar ziet zijn van mijn broer.*

---

<sup>5</sup>n Volledige Afrikaanse opsomming en verklaring van eksperimente wat uitgevoer is vir elkeen van die twaalf kenmerke van Haspelmath (1998, 2001), kan by die outeurs aangevra word.

<sup>6</sup> Aangesien die elektroniese weergawe van die Algemene Nederlandse Spraakkunst (e-ANS) in hierdie artikel gebruik is, word slegs die webblad se verwysings telkens by die voorbeeldsinne aangedui. Die volledige bronverwysing word egter in die bibliografie onder **Coppen, P.A. et al. 2002** aangedui.

- (4) NED *Een huis van mijn broer*
- (5) NED *Een man komt ons ophalen.*

### 3.2.1.2. Afrikaans

Waar Nederlands twee bepaalde lidwoorde (*het* en *de*) het, het Afrikaans slegs een eweknie-bepaalde lidwoord, te wete *die* (byvoorbeeld sin (6)). *Die* is waarskynlik afkomstig van die aanwysende (lett. 'daardie') ekwivalent van *de* in Nederlands, naamlik *die man* (Afrikaans – *daardie man*) en *die paarden* (Afrikaans – *daardie perde*). Die *het*-lidwoord het in Afrikaans verdwyn, maar 'n afgeleide konstruksie, te wete 't word byvoorbeeld steeds in 'n progressiewe konstruksie gebruik (voorbeeldsin (7)) (vergelyk Breed, 2012:118).

- (6) AFR *Die argument gaan nie oor wie skuldig of onskuldig is nie.* (TK-Korpus)
- (7) AFR *Vader is aan 't uitkyk vir julle vir 'n regte skoolmeester.* (TK-korpus)

'n Eweknie onbepaalde lidwoord-konstruksie vir die Nederlandse *een*-lidwoord word in Afrikaans gevind, naamlik 'n (byvoorbeeld sin (8)).

- (8) AFR *Hoe stap 'n mens nou saam op 'n pad as jy weet dis 'n doodloopstraat?*  
(TK-korpus)

Afrikaans het dus, net soos Nederlands en SGE, bepaalde en onbepaalde lidwoorde.

## 3.2.2. 'Hê'-perfektum

### 3.2.2.1. Nederlands

In Nederlands word 'n temporele konstruksie gevind wat deur die '*hê*'-werkwoord, tesame met die *ge*-passiefdeelwoord, gevorm word, byvoorbeeld sin (9).

- (9) NED *Vorig jaar heeft opa nog gefietst.* (e-ANS, 2·4·8·4·ii)

Hoewel hierdie vormlike konstruksie in al die Germaanse tale voorkom, het dit nie in al die tale dieselfde semantiese waarde nie, aangesien die konstruksie in die verskillende tale nie tot dieselfde mate gegrammatikaliseer het nie. In Nederlands druk die *hebben*-konstruksie nog uitsluitlik anteriorbetekenis uit, hoewel dit, anders as byvoorbeeld in Engels, tot só 'n mate gegrammatikaliseer het dat dit met beide bepaalde (vergelyk sin (10)) en onbepaalde (vergelyk sin (11)) verledetyd kan kombineer. In Engels kan hierdie perfektumvorm byvoorbeeld net met onbepaalde verledetyd kombineer (vergelyk voorbeeldsinne (12) tot (14)) (Breed 2012 p. 68; Breed & Van Huyssteen 2014, pp. 717-717).

- |      |     |   |                     |
|------|-----|---|---------------------|
| (10) | NED | <i>Ik heb gisteren een appel gegeten.</i> | (Breed 2012, p. 68) |
| (11) | NED | <i>Heb je al ooit een appel gegeten?</i>  | (Breed 2012, p. 69) |
| (12) | ENG | <i>*Yesterday I have eaten an apple.</i>  | (Breed 2012, p. 68) |
| (13) | ENG | <i>Yesterday I ate an apple</i>           | (Breed 2012, p. 69) |
| (14) | ENG | <i>Have you ever eaten an apple?</i>      | (Breed 2012, p. 69) |

#### 3.2.2.2. Afrikaans

Behalwe vir die infleksie van sekere modale hulpwerkwoorde, word daar in Afrikaans slegs een verledetydsvorm gevind, naamlik die *het*-verledetydsvorm (Ponelis 1979, p. 189). Hierdie verledetyd vorm ook, net soos in Nederlands, met 'n *ge*-passiefdeelwoord. Vormlik kan hierdie Afrikaanse en Nederlandse temporele konstruksies dus as ewekniekonstruksies beskou word en kan die gevolgtrekking gemaak word dat Afrikaans óók hierdie SGE-kenmerk het.

Daar is egter 'n semantiese verskil tussen hierdie perfektumkonstruksies van Afrikaans en Nederlands. Die *het*-konstruksie kan in Afrikaans gebruik word in sinne met bepaalde anteriorverledetyd, onbepaalde anteriorverledetyd, sowel as in sinne met 'n imperfektiewe

verledetydsbetekenis (Breed & Van Huyssteen 2014, pp. 715-717). Vergelyk die volgende sinne:

- |      |     |   |                     |
|------|-----|---|---------------------|
| (15) | AFR | <i>Digte rook het die vertrek gevul.</i>      | (Breed 2012, p. 69) |
| (16) | NED | <i>*Dikke rook heeft de gang gevuld.</i>      | (Breed 2012, p. 69) |
| (17) | NED | <i>Dikke rook vulde de gang.</i>              | (Breed 2012, p. 69) |
| (18) | NED | <i>Dikke rook was de gang aan het vullen.</i> | (Breed 2012, p. 69) |

Binne die bogenoemde kontekste kan die situasie telkens as imperfektief geïnterpreteer word, maar dit is onmoontlik om die imperfektiewe betekenis van hierdie kontekste met die Nederlandse *hebben*-konstruksie oor te dra, byvoorbeeld (16). In Nederlands (en Engels, vergelyk Michaelis 2004, p. 53-54) is dit verpligtend om die eenvoudige verledetydsvorm (byvoorbeeld (17)) of progressiewe verledetydsvorm (byvoorbeeld (18)) te gebruik om hierdie imperfektiewe betekenis oor te dra, terwyl dit in Afrikaans heeltemal grammatikaal korrek is om *het* te gebruik om ook hierdie imperfektiewe betekenis uit te druk (byvoorbeeld (15)). Die feit dat die Afrikaanse *het*-werkwoord in meer grammatikale kontekste as die Nederlandse eweknieuwerkwoord gebruik kan word, is 'n aanduiding daarvan dat die Afrikaanse *het*<sup>7</sup> verder gegrammatikaliseer is as die Nederlandse *hebben*-perfektum.

---

<sup>7</sup> Die verdere ontwikkelinge van die Afrikaanse en Nederlandse '*hê*'-perfektum word omvattend in Breed (2012, pp. 67-70), sowel as Breed en Van Huyssteen (2014, pp. 715-717) bespreek.

### 3.2.3. Deelwoordelike passief

#### 3.2.3.1. Nederlands

Nederlands gebruik die koppelwerkwoord *worden* tesame met 'n deelwoord om die passief van gebeurtenisse in die onvoltooide hedetyd uit te druk (byvoorbeeld (19)). Die verledetydsvorm *werden* word gebruik om gebeurtenisse in die onvoltooide verledetydspassief uit te druk (byvoorbeeld (20)).

(19) NED *De auto wordt rood gespoten.* (e-ANS, 18.5.2.2)

(20) NED *Er werden gaten in het ijs gehakt.* (e-ANS, 18.5.2.2)

Vir die passief van gebeurtenisse in die voltooië hedetyd (byvoorbeeld (21)) en die voltooië verledetyd (voorbeeldsin (22)), word die koppelwerkwoord *zijn* gebruik.

(21) NED *De auto is rood gespoten.* (e-ANS, 18.5.2.2)

(22) NED *Mijn portemonnee was gestolen.* (e-ANS, 18.5.2.2)

Die Nederlandse passiefvorm kan met ander woorde tussen vier temporele betekenis onderskei.

#### 3.2.3.2. Afrikaans

Net soos in Nederlands word die werkwoorde *word* en *is* saam met 'n deelwoord gebruik om passiewe betekenis uit te druk. Afrikaans het dus ook hierdie SGE-kenmerk.

Daar is egter 'n verskil in die wyse waarop Nederlands en Afrikaans temporele onderskeid tref met betrekking tot passiewe betekenis. In Afrikaans word daar meestal slegs 'n onderskeid getref tussen 'n passief met *word* wat 'n onvoltooide handeling uitdruk (byvoorbeeld (23)), en 'n passief wat 'n voltooië handeling uitdruk (byvoorbeeld (24)) (Ponelis 1979, p. 220).

(23) AFR *Die kar word rooi geverf.*

(24) AFR *Die kar is rooi geverf.*



Aangesien *word* in Afrikaans geen verledetydsvorm het wat ooreenstem met die Nederlandse *worden*-vorm nie, kan slegs *word* in Afrikaans gebruik word onvoltooide hedetydspassief aan te dui. *Wees* is een van die enkele Afrikaanse werkwoorde wat nog 'n verledetydsvorm het, maar geen duidelike onderskeid word getref tussen voltooide hedetyd en voltooide verledetyd nie. Ponelis (1979:267) stel dat *is* en *was* albei as preteritumvorme gesien kan word, en gee die volgende voorbeeldsinne ter illustrasie:

(25) AFR *Die jongste besending is verlede maand ontvang.* (Ponelis 1979, p. 267)

(26) AFR *Baie onskuldige mense was aangekla.* (Ponelis 1979, p. 267)

Waar die Nederlandse passief dus tussen vier temporele betekenis onderskei, word daar slegs tussen twee temporele passiewe betekenis in Afrikaans onderskei.

### 3.2.4. Antikousatiewe prominensie

#### 3.2.4.1. Nederlands

Hierdie kenmerk het te make met die sogenaamde inchoatiewe/kousatiewe werkwoordpare (Haspelmath 1998, pp. 90-92). Hierdie is werkwoorde wat dieselfde situasie beskryf, maar die kousatiewe werkwoord verwys na 'n agens wat die situasie tot stand bring, terwyl die inchoatiewe werkwoord 'n situasie aanbied asof daar geen veroorsakende agens betrokke is nie. Hierdie situasie word dus voorgestel asof dit spontaan tot stand kom. Vergelyk sinne (27) en (28):

(27) NED *Jan smelt de boter.*

(28) NED *De boter smelt.*

In (27) is Jan die agens van wat smelt van die botter veroorsaak. Daarteenoor smelt die botter in (28) skynbaar vanself. Die eerste sin kan as 'n kousatiewe sin beskryf word, terwyl die tweede sin inchoatiewe betekenis het.

Die formele verhouding tussen die inchoatief en die kousatief kan varieer. In (29) en (30) is die kousatief gebaseer op die inchoatief: die kousatief benodig 'n bykomende medewerkwoord, naamlik *laten*. Hierdie patroon word kousatiewe afleiding genoem. In (31) en (32) is dit andersom: die inchoatief is gebaseer op die kousatiewe, en die refleksiewe *zich* word bygevoeg. Hierdie patroon word antikousatiewe afleiding genoem.

(29) NED *De orkaan laat het schip zinken.*

(30) NED *Het schip zinkt.*

(31) NED *Ik verspreid een ziekte.*

(32) NED *De ziekte verspreidt zich.*

Haspelmath (2001, pp. 1497-1498) argumenteer dat antikousatiewe afleidings baie meer in SGE as kousatiewe afleidings voorkom, en dat daar derhalwe antikousatiewe prominensie in SGE-tale gevind word. Byvoorbeeld: uit 'n lys van 31 situasies, maak Frans in 21 gevalle van antikousatiewe afleidings gebruik, en slegs in twee gevalle van kousatiewe afleidings. Dit gee ons 'n persentasie van 91% (d.i. 21/23). 'n Nie-SGE-taal, soos Turks, se persentasie van antikousatiewe gebruike is slegs 34%. Betreffende die ander agt oorblywende situasies van die 31 getoetse situasies in Frans: Afleiding is een van die moontlike verhoudings tussen inchoatiewe en kousatiewe werkwoorde. Soos in (27) en (28) aangetoon, is dit nie nodig vir die werkwoorde om enigsins te verskil nie, aangesien dit in albei gevalle *smelt* kan wees. Die werkwoorde kan ook totaal onverwant wees, soos in (33) en (34) geïllustreer word. Laastens is dit ook moontlik dat werkwoorde met mekaar 'iets' gemeen kan hê, maar nie van mekaar afgelei kan word nie, byvoorbeeld (35) en (36).

(33) NED *Jan vermoordt Marie.*

(34) NED *Marie sterft.*

(35) NED *Ik maak de fles kapot.*

(36) NED *De fles gaat kapot.*

Wanneer dieselfde toets van 31 situasies vir Nederlands gedoen word, word gevind dat 10 van die situasies van antikousatiewe afleidings gebruik maak (byvoorbeeld (31) en (32)) terwyl slegs twee van die situasies van kousatiewe afleidings gebruik maak (byvoorbeeld (29) en (30)). Aangesien Haspelmath (2001) slegs die verhouding kousatiewe tot antikousatiewe afleidings in ag neem, kan gestel word dat Nederlands in hierdie eksperiment 83,33% (10/12) ten gunste van antikousatiewe afleiding is. Dit is dus duidelik dat Nederlands óók hierdie vierde SGE-kenmerk het.

#### 3.2.4.2. *Afrikaans*

Wanneer dieselfde 31 situasietipes in Afrikaans bekyk word, word slegs een voorbeeld van antikousatiewe afleiding gevind (byvoorbeeld sinne (37) en (38)), en geen voorbeelde van kousatiewe afleiding nie.

(37) AFR            *Die masjien verloor energie.*

(38) AFR            *Energie gaan verlore.*

Hoewel daar volgens Haspelmath se kriteria (d.i. deur die verhouding van kousatiewe tot antikousatiewe afleiding in ag te neem) gesê kan word dat Afrikaans 100% (1/1) antikousatiewe prominensie het, en derhalwe ook hierdie SGE-kenmerk het, kan die vraag gevra word of die afleiding gemaak kan word met slegs een voorbeeld van antikousatiewe of kousatiewe afleiding. Maar dit is nie die fokus van hierdie artikel om die geldigheid van die maatstawwe wat Haspelmath (1998; 2001) aanwend om die teenwoordigheid van die SGE-kenmerke in tale te toets nie, en derhalwe word daar volstaan met die gevolgtrekking dat Afrikaans wel in hierdie opsig ook SGE is.

### 3.2.5. Nominatiewe ervaarders

#### 3.2.5.1. Nederlands

Haspelmath (1998, pp. 276-277; 2001, pp. 1495-1496) baseer die beskrywing van hierdie SGE-kenmerk hoofsaaklik op die resultate van 'n eksperiment wat deur Bossong (1998) uitgevoer is. Laasgenoemde het 'n hele lys werkwoorde van persepsie en sensasie in 40 Europese tale bekyk en verskillende waardes aan elkeen van die tipes konstruksies toegeken. So is 'n 5 toegeken aan konstruksies waarin volledige veralgemening of inversie voorkom. Die kanonieke struktuur by veralgemening is 'n konstruksie soos (39), waarin die ervaarder, *ik*, as die onderwerp van die sin optree. Die kanonieke struktuur by inversie is 'n konstruksie soos (40), waarin die ervaarder, *mij*, as die voorwerp van die sin optree.

(39) NED *Ik zie de kat.*

(40) NED *De stad bevalt me wel.*

Wanneer die kanonieke struktuur van 'n situasie op een van drie moontlike maniere gewysig word, is 'n 4 vir die situasie toegeken. Bossong (1998) het drie moontlike wysigings van die kanonieke struktuur geïdentifiseer. Eerstens is dit wanneer die betekenis van die werkwoord in verskillende semantiese komponente geanaliseer kan word, byvoorbeeld (41). In hierdie sin is *ik* die ervaarder, maar die sensasie 'dors wees' word gesamentlik deur die werkwoord *heb* en die selfstandige naamwoord *dorst* uitgedruk. Tweedens kan die kanonieke struktuur gewysig word deur 'n refleksiewe voornaamwoord saam met die persepsie- of sensasiewerkwoorde te gebruik, byvoorbeeld (42). Laastens kan 'n voorsetselfrase saam met die werkwoord gebruik word, en só die kanonieke struktuur wysig. Hierdie wysiging word deur (43) geïllustreer, waar verheug gevolg word deur die voorsetselfrase *over het goede nieuws*. Wanneer 'n situasie die kanonieke struktuur op meer as een manier wysig, is 'n waarde van 1, 2 of 3 toegeken. Sin (43) kan weer hier as voorbeeld geneem word: Dit bevat 'n voorsetselfrase, sowel as 'n refleksiewe voornaamwoord en daar word dus 'n waarde van 3 aan die sin toegeken.

- (41) NED *Ik heb dorst.*
- (42) NED *Ik herinner mij die barbecue nog goed.*
- (43) NED *Ik verheug mij over het goede nieuws.*

Nadat hierdie waardes aan elkeen van die situasies vir elke taal toegeken is, is al die waardes vir inversie en al die waardes vir veralgemening opgetel, en die proporsie van inversie tot veralgemening is bereken deur die waarde vir inversie te deel deur die waarde vir veralgemening. Die waardes varieer van 0.0 vir Engels (waar alle predikate as veralgemening beskou kan word) en 5.0 vir Lesgies (waar alle predikate as inversie beskou kan word). Tale waaraan 'n totale waarde van 0.0 tot 0.8 toegeken is, is tale waarin veralgemening die meeste voorkom, en tale waaraan waardes van 0.8 tot 5.0 toegeken is, is tale waarin inversie die meeste voorkom. Veralgemening is 'n SGE-kenmerk.

Nederlands was een van die tale wat Bossong (1998) ondersoek het, en 'n waarde van 0.64 is toegeken. Dit is dus minder as 0.8, en Nederlands maak dus ook meestal van veralgemening saam met werkwoorde van persepsie en sensasie gebruik. Nederlands het dus ook hiërdie SGE-kenmerk.

#### 3.2.5.2. *Afrikaans*

Toe Bossong (1998) se eksperiment op Afrikaans uitgevoer is, is daar voorbeelde gevind van konstruksies met die kanonieke strukture van beide veralgemening (byvoorbeeld sin (44)) en inversie (byvoorbeeld sin (45)), sowel as konstruksies wat van die twee kanonieke strukture afgelei is (byvoorbeeld sin (46)). Wanneer die berekening gemaak word, word 'n telling van 0.43 vir Afrikaans gevind. Hierdie is 'n aanduiding dat Afrikaans hier ook 'n sterk ooreenstemming toon met die SGE-tale, naamlik dat Afrikaans hoofsaaklik van veralgemening gebruik maak om werkwoorde van sensasie en persepsie uit te druk.

- (44) AFR *Ek vergeet my werk.*
- (45) AFR *Die nuus verheug my.*

(46) AFR *Ek verheug my oor jou nuus.*

### 3.2.6. Eksterne besitters

#### 3.2.6.1. *Nederlands*

Die verhouding tussen 'n besitter en 'n *possessum* (lett. 'die besete'; dít wat besit word) kan op twee wyses uitgedruk word. Eerstens is dit deur konstruksies wat van 'n interne besitter gebruik maak, en tweedens is dit deur konstruksies wat van 'n eksterne besitter gebruik maak (König & Haspelmath 1998). Interne besitterkonstruksies is waar die besitter en die *possessum* in dieselfde naamwoordstuk gevind word, en eksterne besitterkonstruksies is waar die besitter uit die 'gasheer'-naamwoordstuk onttrek word. Dit vorm 'n afsonderlike sintaktiese konstituent en kan geskei word van die *possessum* deur ander konstituente.

König en Haspelmath (1998) en Haspelmath (1998) het die verspreiding van eksterne besitters in dertig Europese tale bestudeer. In hierdie ondersoek is gevind dat daar drie hoofipes tale in Europa geïdentifiseer kan word, te wete i) tale met datief-eksterne besitters, byvoorbeeld Duits (vergelyk sin (47)); ii) tale met lokatief-eksterne besitters, byvoorbeeld Sweeds (*på* in sin (48)); en iii) tale wat nie van eksterne besitters gebruik maak nie, en besitters intern op die NP moet merk, byvoorbeeld Engels (sin (49)).

(47) DU *Die Mutter wäscht dem Kind die Haare* (König & Haspelmath 1998, p. 526)  
*die moeder was die<sub>DAT</sub> kind die hare*  
'Die moeder was die kind se hare'

(48) SW *Någon bröt armen på honom* (Haspelmath 2001, p. 1498)  
*lemand breek arm op hom*  
'lemand het sy arm gebreek'.

(49) ENG *Mother prepares John's lunch.*

Die skeiding tussen interne en eksterne besitters is nie altyd so duidelik nie. Dit blyk soms moeilik te wees om te bepaal of 'n taal wel van eksterne besitters gebruik maak, aangesien dit binne sommige kontekste toelaatbaar is, en nie binne ander kontekste nie (vergelyk Van de Velde & Lamiroy, verskyn binnekort, pp. 5-8). Nederlands is 'n voorbeeld hiervan.

Van de Velde en Lamiroy (verskyn binnekort, p. 9) voer aan dat Duits meer toegeeflik is om eksterne besitters te gebruik as Nederlands, en Nederlands op sy beurt weer meer as Engels. Verder word die afwesigheid van eksterne besitters in Engels nie met soveel sekerheid as vroeër aanvaar nie. In Engels en Nederlands word sogenaamde 'besitterskeidende konstruksies' (*'possessor splitting constructions'*) gevind (byvoorbeeld sinne (50) en (51)), sowel as implisiete besitters (byvoorbeeld sinne (52) en (53)).

(50) ENG *He kissed her on the forehead.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 9)

(51) NED *Hij kust haar op het voorhoofd.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 9)

(52) ENG *She was sick at heart.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 9)

(53) NED *Hij haalde zich de woede op de hals van de China Daily.*  
(Van de Velde & Lamiroy, verskyn binnekort, p. 9)

Daar is gevalle in Nederlands en Engels waar die besitter nie by die werkwoord-argument ingesluit word nie, aangesien die voorsetsel wat saam met die besitter gebruik word, nie weggelaat kan word nie. Sinne (54) en (55) is voorbeelde hiervan (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10).

(54) ENG *She looked him in the eyes.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10)

(55) NED *Ze keek hem in de ogen.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10)

Nederlands kan egter ook op ander wyses as Engels van eksterne besitters gebruik maak. Nederlands het eksterne besitters saam met objekte wat nie met voorsetselphrases gevorm word nie. Dit word hoofsaaklik saam met partikelwerkwoorde gebruik (byvoorbeeld sin (56)), maar daar is ook gevalle waar hierdie eksterne besitters saam met nie-partikelwerkwoorde gebruik kan word (byvoorbeeld sin (57)) (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10).

(56) NED *Ik heb hem de keel doorgesneden.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10)

(57) NED *Ik schudde hem de hand.* (Van de Velde & Lamiroy, verskyn binnekort, p. 10)

Die Nederlandse eksterne besitter kom dikwels voor in figuurlike uitdrukkinge, byvoorbeeld (58). Hierdie verskynsel word skynbaar in Engels ook gevind (byvoorbeeld (59)), maar is nie so frekwent soos in Nederlands nie (Van de Velde & Lamiroy, verskyn binnekort, p. 10).

(58) NED *Iemand op de vingers tikken.* (Van de Velde & Lamiroy verskyn binnekort, p. 10)

(59) ENG *Don't look a gift horse in the mouth.* (König & Haspelmath 1998, p. 537)

Samevattend kan dus gestel word dat die afbakening van die gebruik van eksterne besitters in 'n taal eerder as 'n vloeiende grens gesien moet word as 'n pertinente stelling dat 'n taal die kenmerk het, al dan nie, en dat Nederlands wél hierdie SGE-kenmerk het, hoewel in 'n mindere mate as ander SGE-tale soos Duits en Spaans.

#### 3.2.6.2. Afrikaans

Wanneer Afrikaans met die bogenoemde bespreking vergelyk word, blyk dit dat Afrikaans, ten opsigte van die *tipe* eksterne besitters wat gebruik word, eerder met Engels as met Nederlands ooreenstem. Afrikaans het, net soos in Nederlands en Engels, ook besitterskeidende konstruksies, byvoorbeeld sin (60).

(60) AFR *Hy soen haar op die voorkop.*

Verder word daar ook in Afrikaans, net soos Nederlands en Engels, eksterne konstruksies gevind waar 'n voorsetselfrase saam met die besitter nodig is, byvoorbeeld sin (61).

(61) AFR *Sy kyk hom in die oë.*

Die Nederlandse voorbeeldsinne is egter, net soos in Engels, nie vertaalbaar in Afrikaans nie (voorbeeldsinne (62) en (63)).

(62) AFR *\*Ek het hom die keel deurgesny.*

(63) AFR *\*Ek skud hom die hand.*



Hoewel daar gevalle is waar Afrikaans wel van eksterne besitters gebruik maak (byvoorbeeld saam met die gebruik van 'n voorsetselfrase), is daar 'n duidelike graadverskil in die mate waarin Nederlands en Afrikaans van eksterne besitters gebruik word. Waar Nederlands in sekere konstruksies wel nog van 'puur' eksterne besitters gebruik maak, is hierdie konstruksie nie in Afrikaans moontlik nie. Afrikaans is dus minder SGE as Nederlands in hierdie verband.

### 3.2.7. Negatiewe voornaamwoorde sonder werkwoordelike negering

#### 3.2.7.1. Nederlands

Haspelmath (1998, p. 278; 2001, p. 1498) dui aan dat die V+NI-vorm, dit is werkwoord PLUS negatiewe onbepaalde voornaamwoord, 'n SGE-kenmerk is. Nederlands gebruik ook hierdie vorm (byvoorbeeld (64)).

(64) NED *Niemand komt.* (Haspelmath 1998, p. 1498)

Die standaardnegeerder *niet* kom nie in hierdie konstruksie voor nie.

#### 3.2.7.2. Afrikaans

Afrikaanse negering verskil van Nederlandse negering, aangesien dit in Afrikaans twee keer gemerk word. Die eerste *nie* is redelik ooreenstemmend met Nederlands, maar die tweede *nie* kom aan die einde van sin voor. In die vertaling van (64) na Afrikaans (vergelyk (65)), is die sinsnegerende *nie* steeds teenwoordig.

(65) AFR *Niemand kom nie.*

Die negatiewe voornaamwoord *niemand* kan nie gebruik word sonder om die werkwoord ook te negeer nie (vergelyk Huddleston 2010, p. 291). Met ander woorde, Afrikaans tree in hierdie verband nie soos 'n SGE-taal op nie.

### 3.2.8. Partikels in vergelykingskonstruksies

#### 3.2.8.1. Nederlands

Om in Nederlands die standaard van vergelyking aan te dui word die partikel *dan* gebruik (vergelyk voorbeeldsin (66)). Nederlands het derhalwe ook hiërdie SGE-kenmerk.

(66) NED *Salomo was rijker dan David.* (e-ANS, 20.10.18)

#### 3.2.8.2. Afrikaans

Waar Nederlands die voegwoord *dan* gebruik, gebruik Afrikaans die voegwoord *as* (byvoorbeeld sin (67)). Afrikaans het dus, net soos Nederlands, hierdie agste SGE-kenmerk.

(67) AFR *Salomo was ryker as Dawid.*

### 3.2.9. Betreklieke bysin in gelykheidskonstruksies

#### 3.2.9.1. Nederlands

Die voegwoorde *als*, *zoals*, *evenals*, *gelijk* en *zo* kan gevolg word deur konstituente of bywoordelike bysinne (e-ANS, 10.3.14.2). Voorbeeldsinne (68) tot (70) is voorbeelde:

(68) NED *Reken het maar zo uit als je het op school geleerd hebt.* (e-ANS, 10.3.14.2)

(69) NED *Hij is geen timmerman, zoals zijn vader.* (e-ANS, 10.3.14.2)

(70) NED *De voorstellen zijn niet aangenomen, zoals te verwachten* (e-ANS, 10.3.14.2)

Die struktuur van die Nederlandse gelykheidskonstruksies stem dus met dié van SGE ooreen, en dus Nederlands het hierdie SGE-kenmerk.

#### 3.2.9.2. Afrikaans

Die Afrikaanse vergelykingskonstruksie stem vormlik sterk ooreen met dié van Nederlands, maar vorm met bywoorde *net*, *nes*, *soos* en *as* (vergelyk Ponelis 1979, p. 280, p. 344, p. 351). Vergelyk die volgende sinne:

(71) AFR *Sy is so vaal soos 'n duifjie.* (Ponelis 1979, p. 28)

(72) AFR *Hulle praat net soos hulle pa.* (Ponelis 1979, p. 345).

Net soos Nederlands is Afrikaans wat hiérdie kenmerk betref ook SGE.

### 3.2.10. Die formaat van betreklike bysinne

#### 3.2.10.1. Nederlands

Die struktuur van die Nederlandse betreklike bysin stem ooreen met dié van SGE. Die relatiewe bysin is post-nominaal en daar is 'n geïnflekteerde betreklike voornaamwoord wat die betreklike bysin inlei. Daar is egter verskillende moontlike wyses om betreklike bysinne te konstrueer. Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

(73) NED *Het schip, dat aangevaren was, bleek niet meer te herstellen.* (e-ANS, 14-5-3-8-iii)

(74) NED *De man die de moord had gepleegd, werd spoedig gearresteerd.* (e-ANS, 14-5-3-8-iii)

(75) NED *De plaats waar ik geboren ben, is niet erg idyllisch.* (e-ANS, 14-5-3-8-iii)

Die mees algemene vorm is deur 'n bysin met 'n selfstandige betreklike voornaamwoord te vorm: *dat* vir onsydige, enkelvoudige naamwoorde, byvoorbeeld (73) en *die* vir alle ander naamwoorde, byvoorbeeld (74). Daar kan ook van 'n betreklike bywoord, byvoorbeeld sin (75), gebruik gemaak word.

#### 3.2.10.2. Afrikaans

Afrikaans gebruik 'n soortgelyke strategie as Nederlands om betreklike bysinne te vorm. Die twee algemene betreklike voornaamwoorde is *wat* en *wie*, byvoorbeeld sinne (76) en (77).

(76) AFR *'n Aandeel wat nie diwidende oplewer nie, is 'n swak belegging.*  
(Ponelis 1979, p. 358)

(77) AFR *'n Oogarts wie se naam om etiese redes nie genoem mag word nie, se kommentaar is ingesluit.*  
(vergeelyk Ponelis 1979, p. 126)

Die vormlike verskil tussen die twee tale se konstruksies is interessant. Rutten en Van der Wal (verskyn binnekort) dui aan dat 'n belangrike taalverandering in Germaanse tale plaasgevind het, waar betreklike bywoorde wat aanvanklik met 'n *d* begin het, oor tyd gegrammatikaliseer het om met 'n *w* te begin.

A significant change in the history of Dutch, as in other Germanic languages, is the change from *d*- to *w*-relativization, whereby relative adverbs ... and relative pronouns change from a *d*-form into a *w*-form. Het huis daar ik woon 'the house there I live' becoming het huis waar ik woon 'the house where I live' is a case in point. (Rutten & Van der Wal verskyn binnekort, p. 1)

Sinne (78) en (79) kan as voorbeelde dien van hierdie ontwikkeling:

(78) 15.NED ... tot Bruesel, **daer** sy hoer antwoord kreghen. (15th c.; Van der Horst 2008, p. 703)

(79) NED ...te Brussel, **waar** zij haar debuut maakte. (Rutten & Van der Wal verskyn binnekort, p. 6-7)

Dit blyk dus dat die twee betreklike voornaamwoorde van Afrikaans verder gegrammatikaliseer is as die Nederlandse betreklike voornaamwoorde, aangesien die *d*-voornaamwoorde ontwikkel het tot *w*-voornaamwoorde, en die *d*-voornaamwoorde het uit Afrikaans verdwyn.

### 3.2.11. Grammatikaal-ooreenstemmende persoonssubjek

#### 3.2.11.1. Nederlands

In Nederlands word werkwoorde vervoeg om met die onderwerp van die sin ooreen te stem (e-ANS, 2.3.3; e-ANS, 2.3.4), byvoorbeeld (80).

(80)	NED	<i>ik werk (hede)</i>	/	<i>ik werk-te (verledetyd)</i>
		<i>Je werk-t (hede)</i>	/	<i>jij werk-te (verledetyd)</i>
		<i>hij werk-t (hede)</i>	/	<i>hij werk-te (verledetyd)</i>
		<i>we werk-en (hede)</i>	/	<i>we werk-ten (verledetyd)</i>
		<i>jullie werk-en (hede)</i>	/	<i>jullie werk-ten (verledetyd)</i>
		<i>ze werk-en (hede)</i>	/	<i>ze werk-ten (verledetyd)</i>

Ten spyte van die werkwoordinfleksie is dit in Nederlands – net soos in Duits – egter nie grammatikaal korrek om die subjekpersoon weg te laat nie. Die rede hiervoor is die groot mate van ooreenstemming tussen die werkwoordinfleksies van die verskillende subjekpersone in Nederlands. In die eenvoudige verledetyd eindig alle enkelvoudsvorme byvoorbeeld met 'n *-te*, en alle meervoudsvorme met 'n *-ten* (en die *-n* word meestal nie eers uitgespreek nie). Die geïnflekteerde werkwoord in Nederlands het opsigself dus weinig referensiële funksie. 'n Geval soos *Zij zingt* ('sy sing') en *zij zingen* ('hulle sing') kan as uitsonderings gesien word. Met betrekking tot subjekoooreenstemming is Nederlands dus ook SGE.

### 3.2.11.2. Afrikaans

Behalwe vir sommige modale hulpwerkwoorde en die werkwoorde *hê* en *wees*, word werkwoorde in Afrikaans nie geïnflekteer nie. Verder word geen werkwoord gemerk om ooreen te stem met die subjekpersoon nie. Vergelyk (81) met (80).

(81) AFR	<i>ek werk (hede) /</i>	<i>ek het gewerk (verledetyd)</i>
	<i>jy werk (hede) /</i>	<i>jy het gewerk (verledetyd)</i>
	<i>hy werk (hede) /</i>	<i>hy het gewerk (verledetyd)</i>
	<i>ons werk (hede) /</i>	<i>ons het gewerk (verledetyd)</i>
	<i>julle werk (hede) /</i>	<i>julle het gewerk (verledetyd)</i>
	<i>hulle werk (hede) /</i>	<i>hulle het gewerk (verledetyd)</i>

Afrikaans verskil in hierdie opsig van Nederlands (en Engels en Duits), aangesien die werkwoord en die subjekpersoon nie ooreenstem nie en die werkwoord op geen wyse geaffikseer word nie. Afrikaans stem in hierdie sin ooreen met Germaanse tale soos Noors, Deens en Sweeds (vergelyk Haspelmath 2001, p. 1500).

Die SGE-kenmerk is egter nie, volgens Haspelmath (2001, p. 1500), of die werkwoord geïnflekteer is om met die subjekpersoon ooreen te stem nie, maar eerder of die voornaamwoord wat as subjek van die sin optree, weggelaat kan word. Werkwoorde in tale soos Spaans en Tsjeggies het opsigself referensiële eienskappe en dit is dus nie nodig om die voornaamwoorde by die uitdrukking in te sluit nie. In Afrikaans kan die voornaamwoorde

egter, net soos in Nederlands, ook nie weggelaat word nie. Die Afrikaanse werkwoorde is vanweë die afwesigheid van subjektooreenstemming-affikse, selfs *minder* referensieel as die werkwoorde van Nederlands. Hoewel die Afrikaanse werkwoord nie geïnflekteer word nie, is Afrikaans in hierdie opsig ook 'n SGE-taal (hoewel dit waarskynlik 'n minder tipiese SGE-taal is, nader aan byvoorbeeld Noorweëgs as aan Nederlands), aangesien die voornaamwoord wat in die subjekposisie staan, nie weggelaat kan word nie.

### 3.2.12. Onderskeid tussen intensiveerders en refleksiewe voornaamwoorde

#### 3.2.12.1. Nederlands

In Haspelmath (2001) word Duits en Frans as die nukleus van die SGE-taalarea gestel, en Nederlands word volgens hom as 'n kerntaal van SGE beskou. Nederlands, hoewel deel van die kern, is dus volgens hom meer periferaal as die eersgenoemde twee tale. Die rede wat Haspelmath (2001) hiervoor aanvoer, is omdat Nederlands volgens hom nie 'n onderskeid tussen intensiveerders en refleksiewe voornaamwoorde tref nie. Nederlands het skynbaar dus een minder SGE-kenmerk as Frans en Duits. Van de Velde en Lamiroy (verskyn binnekort, p. 18) dui egter aan dat dit nie die geval is nie. Daar word in Nederlands 'n vormlike onderskeid hiertussen gemaak (vergelyk voorbeeldsinne (82) en (83)). Nederlands hoort dus, saam met Frans en Duits, in die nukleus van SGE (vergelyk ook e-ANS, 5.3.2).

(82) NED            *De paus **z**elf gaf ons een lezing.*

(83) NED            *Mijn lief bekeek **z**ich/zichzelf in de spiegel.*

#### 3.2.12.2. Afrikaans

Afrikaans tref, net soos Nederlands, 'n onderskeid tussen intensiveerders en refleksiewe voornaamwoorde (vergelyk voorbeeldsinne (84) en (86)). Afrikaans het dus ook hiërdie SGE-kenmerk.

(84) AFR            *Die pous self het ons 'n oudiënsie gegee.*

(85) AFR 'n Oudiënsie is vir ons deur die pous self gegee.

(86) AFR My man bekyk homself in die spieël.

### 3.3. Samevatting

Die resultate van die vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands op grond van die SGE-kenmerke word in Tabel 1 opgesom.

SGE-kenmerk	NED	AFR
1 Bepaalde en onbepaalde lidwoorde	✓	✓
2 'Hê'-perfektum	✓	✓
3 Deelwoordelike passief	✓	✓
4 Antikousatiewe prominensie	✓	✓
5 Nominatiewe ervaaers	✓	✓
6 Eksterne besitters	✓	±
7 Negatiewe voornaamwoorde sonder werkwoordelike negering	✓	×
8 Partikels in vergelykingskonstruksies	✓	✓
9 Betreklieke bysin in gelykheidskonstruksies	✓	✓
10 Die formaat van betreklieke bysinne	✓	✓
11 Grammatikaal-ooreenstemmende persoonssubjek	✓	✓
12 Onderskeid tussen intensiveerders en refleksiwewoorde	✓	✓
<b>TOTAAL SGE-kenmerke</b>	12	10

**Tabel 1:** 'n Vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands op grond van twaalf belangrike SGE-kenmerke

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat Nederlands al twaalf geselekteerde SGE-kenmerke het, terwyl Afrikaans tien van die twaalf het. Afrikaans maak van dubbelnegasie gebruik en het derhalwe nie die SGE-kenmerk dat die werkwoorde wat saam met negatiewe voornaamwoorde gebruik word, ongenegeer gelaat word nie. Verder word daar 'pure' eksterne besitterkonstruksies in Nederlands gevind (hoewel heelwat minder verspreid as in byvoorbeeld Duits), terwyl daar in Afrikaans van voorsetselphrases gebruik gemaak word.

#### 4. Gevolgtrekking en samevatting

In die inleiding van hierdie artikel is gestel dat 'n taal wat geografies sentraal in 'n taalarea geleë is as 'n sentrale lid van die taalarea beskou kan word, aangesien dit meer van die taalarea se kenmerke vertoon as 'n taal wat op die periferie of buite die grense van die taalarea aangetref word. Daar is dus 'n direkte verband tussen die geografiese ligging van 'n taal in sy taalarea en die mate waarin die taal 'n verteenwoordiger van die taalarea is. Derhalwe is gevra wat met 'n Sprachbund-taal sou gebeur wanneer dit geografies uit die taalarea verwyder word. Sou só 'n taal van die kenmerke van die taalarea verloor, en sou hierdie taal nog as lid van die taalarea beskou kan word?

Om hierdie twee vrae te beantwoord, is daar op eksimplariese wyse te werk gegaan deur Afrikaans met Nederlands te vergelyk op grond van twaalf belangrike SGE-kenmerke. Afrikaans word as die T2 gereken wat geografies verwyder is uit die SGE-taalarea, Nederlands as die T1 wat 'n nukleustaal van die SGE-taalarea is. Eerstens kan daar dus gevra word of Afrikaans, vanweë geografiese verwydering, afstand gedoen het van bepaalde SGE-kenmerke, en tweedens of Afrikaans, ten spyte van die geografiese afstand tussen Suider-Afrika en die SGE-taalarea, steeds as 'n SGE-taal gereken kan word. Uit hierdie vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands is bevind dat Nederlands twaalf van die twaalf bespreekde SGE-kenmerke vertoon en dat Afrikaans tien van die twaalf kenmerke vertoon.

Daar word gereken dat hierdie twaalf SGE-kenmerke reeds vanaf die vroeë Middeleeue in die tale binne die taalarea herkenbaar was (Haspelmath 2001, p. 1503). Hedendaagse Nederlands en Afrikaans het met ander woorde albei uit 'n taal, d.i. 17de-eeuse Nederlands, ontwikkel wat die twaalf kenmerke gehad het, en wat as nukleuslid van SGE gereken word. Die feit dat daar wél 'n verskil is in die aantal SGE-kenmerke wat in Afrikaans en Hedendaagse Nederlands gevind word, is 'n aanduiding daarvan dat hierdie twee nabyverwante susterstale verskillend ontwikkel: Nederlands, wat geografies binne die taalarea gevind word, vorm steeds deel van die nukleus van die taalarea – steeds met al twaalf *Sprachbund*-kernkenmerke. Afrikaans, wat



geografies verwyderd uit die taalarea is, vertoon minder SGE-kenmerke as Nederlands en ontwikkel dus verder weg van die taalarea as Nederlands. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar wel by Afrikaans 'n 'verlies' van SGE-kenmerke is.

Ten spyte van hierdie verlies van twee SGE-kenmerke by Afrikaans, is dit tog opvallend dat tien van die kernkenmerke van SGE nog in Afrikaans sigbaar is. Tale met hierdie aantal SGE-kenmerke, byvoorbeeld Spaans, word steeds as 'n kerntaal van die taalarea gereken. Hoewel Afrikaans dan geografies uit die taalarea verwyder is, kan dié taal steeds as 'n kerntaal van die taalarea gereken word. 'n Moontlike rede vir die feit dat Afrikaans nog so baie SGE-kenmerke het, kan waarskynlik toegeskryf word aan die variëteit wat die basis van die standaardtaal in die vroeë ontwikkelingsjare van Afrikaans gevorm het, naamlik Oosgrensafrikaans (Biberauer 2009, p. 9). Hierdie variëteit kan teruggetrek word na die 'meer konserwatiewe' vertakking van die oorspronklike setlaars (Van Rensburg 1983), wat kontak met Nederlands gehou het en selfs probeer het om Nederlandse skryfkonvensies te handhaaf in hul hedendaagse, veranderende taalgebruik. Dit sou interessant wees om in verdere navorsing ondersoek in te stel na die ander variëteite van Afrikaans – spesifiek Oranjerivierafrikaans en Kaapsafrikaans wat sterker deur tale soos Khoisan en Maleis beïnvloed is – en vas te stel of dit tot dieselfde mate SGE-kenmerke behou het.

Dit sou ook interessant wees om in volgende navorsing verdere SGE-kenmerke te ondersoek om sodoende te bepaal of Afrikaans hierin ook met Nederlands en ander SGE-tale ooreenstem. Van Olmen en Van der Auwera (verskyn binnekort) het byvoorbeeld potensiële SGE-kenmerke in die veld van modus en modaliteit ondersoek. Hulle het tot die

gevolgtrekking gekom dat die prohibities<sup>8</sup> in SGE meestal komposisioneel van aard is. Dit word saamgestel uit 'n kombinasie van die gewone imperatiewe vorm met 'n gewone negeringsvorm. Nederlands is hiervan 'n voorbeeld (vergelyk voorbeeldsinne (87) tot (89))

- (87) NED            *Ga weg!*                    (IMPERATIEF)  
(88) NED            *Hij gaat niet weg.*            (NEG)  
(89) NED            *Ga niet weg!*                    (IMPERATIEF + NEG)

In Afrikaans, daarteenoor, is 'n komposisionele prohibities ongrammatikaal (vergelyk sin (90)). Daar word eerder van *moenie* gebruik gemaak (byvoorbeeld sin (91)).

- (90) AFR            *\*Gaan nie weg nie!*            (IMPERATIEF + NEG)  
(91) AFR            *Moenie weggaan nie!*

Dit is interessant dat onder meer Ponelis (1997, p. 643) voorstel dat hierdie 'n leenvertaling van 'n Kreools-Portugese konstruksie is. Dit is dus moontlik dat Afrikaans hier kon wegbeweeg van SGE vanweë taalkontak (vergelyk ook Van Olmen 2010, p. 501). Die vraag kan gevra word of dieselfde tendens vir ander SGE-kenmerke ook geld.

Laastens sou dit ook nuttig wees om die gestelde hipotese rakende die wegbeweeg van 'n T2-taal van 'n taalarea verder te ondersoek deur verskeie van die SGE-tale se T2-tale aan die hand van die taalarea se kenmerke te vergelyk. Sou alle T2-tale nog tot 'n mindere of meerdere mate as lede van die SGE-taalarea beskou kan word, en toon al die T2-tale 'n verlies aan die kenmerke van die taalarea? Só 'n vergelyking tussen die taalarea se verskillende T2-

---

<sup>8</sup>'n Prohibities is 'n konstruksie wat 'n hoorder probeer weerhou daarvan om 'n situasie wat ongewens is, te realiseer..

tale sou moontlik ook interessante resultate kon oplewer, byvoorbeeld om te bepaal of daar 'n patroon is ten opsigte van watter kenmerke eerste tydens 'n proses soos kreolisering verlore gaan. Soortgelyke geolinguistiese pare – byvoorbeeld Brasiliaans en Kontinentaal-Portugees, asook die Spaans van Suid-Amerika en Kastiliaans-Spaans – kan ook op soortgelyke wyse vergelyk word. Dit is dus duidelik dat daar nog heelwat te ontdek is rakende die 'ekstra-territoriale perspektief' van Sprachbund-studies.

## 5. Bibliografie

Alexander, R. 2000. Tracking Sprachbund boundaries: Word order in the Balkans. *Studies in Slavic and General Linguistics*. 28:9-27.

Biberauer, T. 2009. Afrikaans. In: Brown, K. & Oglive, S. (reds.), *Concise Encyclopedia of Languages of the World*. Oxford: Elsevier. pp. 7-11.

Bossong, G. 1998. Le marquage de l'expérient dans les langues d'Europe. In: Feullet J. (red.), *Actance et Valence dans les Langues d'Europe*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp 259-294.

Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendaal, F.F. 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.

Breed, C.A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n Semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: NWU.

Breed, C.A. & Van Huyssteen, G.B. 2014. *Aan die en besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: die ontstaan en ontwikkeling (1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):708-725.

Carstens, W.A.M. 1989. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Academica.

- Coetzee, A. 2009. Pidgin-kreoolse retensies en taalvermenging: Identiteitsmerkers van die Afrikaanse dialekte en dialek-literatuur. In: Den Besten, H., Hinskens, F. & Koch, J. (reds.), *Afrikaans: Een drieluik*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU, 58: pp 48-71.
- Coppen, P.A., Haeseryn W. & De Vriend, F. 2002. *De Elektronische Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Besikbaar by <http://www.let.ru.nl/ans/e-ans> [Datum gebruik 10 Augustus 2013]
- De Ruyter, C. & Kotze, E.F. 2002. Oor Austro-Nederlands en die oorsprong van Afrikaans. *Literator*, 23(2):139-160.
- Dekker, G. 1973. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis: 12de. bygew. tot 1966*. Kaapstad: Nassou.
- Den Besten, H. 1987. Die niederländischen Pidgins der alten Kapkolonie. In: Boretzky, N. Enninger, W. & Stolz, T. (reds). *Beiträge zum 3. Essener Kolloquium über Sprachwandel und Seine Bestimmenden Faktoren, vom 30.9.-2.10.1987 an der Universität Essen*. Bochum: N. Brockmeyer, pp. 9-40.
- Du Plessis, HGW. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.
- Du Plessis, HGW. 1994. Taalkontakvariasie in Afrikaans. In: Olivier, G. & Coetzee, A. (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans: opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis : Southern Book.
- Emeneau, M. 1956. India as a Linguistic Area. *Language*, 32(1):3-16.
- Enfield, N.J. 2005. Areal Linguistics and Mainland Southeast Asia. *Annual Review of Anthropology*, 34(1):181-206
- Haspelmath, M. 1998. How young is standard average European? *Language sciences*, 20(3):271-287.

- Haspelmath, M. 2001. The European linguistic area: Standard Average European. In: Haspelmath, M., König, E., Oesterreicher, W. & Raible, W. (reds). *Language typology and language universals: an international handbook*. Berlin/New York: Walter de Gruyter, pp 1492-1510.
- Huddleston, K. 2010. *Negative indefinites in Afrikaans*. PhD Thesis. Utrecht: LOT/Universiteit Utrecht.
- König, E. & Haspelmath, M. 1998. Les constructions à possesseur externe dans les langues d'Europe. In: Feuillet, J. (red). *Actance et valence dans les langues de l'Europe*. Berlyn: Mouton de Gruyter, pp. 525-606.
- Kotzé, E. 1994. Afsonderlike ontwikkeling deur verbastering? Afrikaans en MiddelNEDerduits in die kreoolse konteks. In: Olivier, G., Coetzee, A. (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans: opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis : Southern Book, pp. 130-138.
- Maddieson, I. 2003. The sounds of the Bantu languages. In: Nurse, D. & Philippson, G. *The Bantu languages*. London: Routledge, pp. 15-41.
- Markey, T.L. 1982. Afrikaans: Creole or non-creole? *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik*, 49(2):169-207.
- Michaelis, L.A. 2004. Type shifting in construction grammar: An integrated approach to aspectual coercion. *Cognitive linguistics*, 15(1):1-67.
- Olivier, G. & Coetzee, A. (reds). 1994. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans: opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis: Southern Book.
- Ponelis, F. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. Van Schaik

- Ponelis, F. 1997. Afrikaans. *In: Van den Toorn, M. W. & J.J. Pijnenburg, W.J.J. (reds.), Geschiedenis van de Nederlandse taal.* Amsterdam: Amsterdam University Press, pp. 597-645.
- Raidt, E.H. 1972. *Afrikaans en sy Europese verlede.* Kaapstad: Nasou Beperk.
- Raidt, E.H. 1994. *Historiese taalkunde: studies oor die geskiedenis van Afrikaans.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Roberge, P.T. 2009. Afrikaans and creolization. *In: Den Besten, H., Hinskens, F. & Koch, J. (reds.), Afrikaans: Een drieluik.* Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU, 58:209-233.
- Rutten & van der Wal., verskyn binnekort. Discourse continuity and the written medium: Continuative relative clauses in the history of Dutch. *In: Van Olmen, D., Cuyckens, H. & Ghesquière, L. (reds). Aspects of grammaticalization: (inter)subjectification and directionality.* Berlin: Mouton de Gruyter. (Manuskrip van hoofstuk)
- Schönig, C. 2003. Turko-Mongolic Relations. *In: Janhunen, J. (red). The Mongolic Languages.* London: Routledge.
- Taalkommissie. 2010, *Taalkommissiekorpus.* Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria. [CD]
- Thomason, S. 2000. Linguistic areas and language history. *In: Gilbers, D., Nerbonne, J. & Schaeken, J. (reds), Languages in Contact.* Amsterdam: Rodopi, pp. 311– 327.
- Trudgill, P. 1983. *On dialect.* Oxford: Basil Blackwell.
- Tucker, A. N. & Mpaayei, J.T.O. 1955. *A Maasai Grammar with Vocabulary.* Publications of the African Institute, Leyden, 2. London: Longmans, Green & Co.
- Van de Velde, M. & Lamiroy, B. verskyn binnekort. External possessors in West Germanic and Romance: differential speed in the drift towards NP configurationality. *In: Van Olmen, D., Cuyckens, H. & Ghesquière, L. (reds). Aspects of grammaticalization: (inter)subjectification and directionality.* Berlin: Mouton de Gruyter. (Manuskrip van hoofstuk)
- Van der Auwera. J. 2011. Standard Average European. *In: Kortmann, B. & Van der Auwera, J. (reds). The Languages and Linguistics of Europe: A Comprehensive Guide.* Berlin: Mouton de Gruyter, pp 291-306.

Van der Horst, J. 2008. *Geschiedenis van de Nederlandse syntaxis. 2 vols.* Leuven: Universitaire Pers Leuven

Van Olmen, D. 2010. Typology meets usage: the case of the prohibitive infinitive in Dutch. *Folia Linguistica*, 44(2), 471-508.

Van Olmen, D. & Van Der Auwera, J. verskyn binnekort. Mood and modality in Standard Average European. In: Nuyts, J. & Van der Auwera, J. (reds), *The Oxford Handbook of Mood and Modality*. Oxford: Oxford University Press. (Manuskrip van hoofstuk)

Van Rensburg, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit de vorige eeu. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds), *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die Spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica. pp. 134-161.

Van Rensburg, C. 1995. Oor Afrikaans se Kreoolse status. In: Bosman, N. (red), *'n Man van woorde: feesbundel vir Louis Eksteen*. Pretoria: Van Schaik. pp. 116-131.

## 6. Afkortings van tale in areale voorstellings van Haspelmath (1998; 2001)

AFK.	ENGELS	AFRIKAANS	AFK.	ENGELS	AFRIKAANS
<b>Alb</b>	<i>Albanian</i>	Albanees	<b>Ltv</b>	<i>Latvian</i>	Lets
<b>Arm</b>	<i>Armenian</i>	Armeens	<b>Lzg</b>	<i>Lezgian</i>	Lesgies
<b>Blg</b>	<i>Bulgarian</i>	Bulgaars	<b>Mlt</b>	<i>Maltese</i>	Maltees
<b>Brt</b>	<i>Breton</i>	Bretons	<b>Nlt</b>	<i>Northern Italian dialects</i>	Noordelike Italiaanse dialekte
<b>Bsq</b>	<i>Basque</i>	Baske	<b>Ntns</b>	<i>Nenets</i>	Nenets
<b>Cz</b>	<i>Czech</i>	Tsjeggies	<b>Nor</b>	<i>Norwegian</i>	Noorweegs
<b>Dut</b>	<i>Dutch</i>	Nederlands	<b>Pol</b>	<i>Polish</i>	Pools
<b>Eng</b>	<i>English</i>	Engels	<b>Prt</b>	<i>Portuguese</i>	Portugees
<b>Est</b>	<i>Estonian</i>	Estnies	<b>Rom</b>	<i>Romanian</i>	Roemeens
<b>Fin</b>	<i>Finnish</i>	Fins	<b>Rus</b>	<i>Russian</i>	Russies
<b>Fr</b>	<i>French</i>	Frans	<b>SCr</b>	<i>Serbian/Croatian</i>	Serwies/Kroaties
<b>Grg</b>	<i>Georgian</i>	Georgies	<b>Sln</b>	<i>Slovene</i>	Sloweens
<b>Grk</b>	<i>Greek</i>	Grieks	<b>Spn</b>	<i>Spanish</i>	Spaans
<b>Grm</b>	<i>German</i>	Duits	<b>Srd</b>	<i>Sardinian</i>	Sardies
<b>Hng</b>	<i>Hungarian</i>	Hongaars	<b>Swd</b>	<i>Swedish</i>	Sweeds
<b>Ice</b>	<i>Icelandic</i>	Yslands	<b>Tat</b>	<i>Tatar</i>	Tataars
<b>Ir</b>	<i>Irish</i>	Iers	<b>Trk</b>	<i>Turkish</i>	Turks
<b>It</b>	<i>Italian</i>	Italiaans	<b>Udm</b>	<i>Udmurt</i>	Oedmoerts
<b>Kom</b>	<i>Komi</i>	Komi	<b>Ukr</b>	<i>Ukranian</i>	Oekraïens
<b>Laz</b>	<i>Laz</i>	Lasies	<b>Wel</b>	<i>Welsh</i>	Wallies
<b>Lit</b>	<i>Lithuanian</i>	Litaus			